Knapsak 23

Februarie 2018

Geagte Rapportryers en vriende

INLEIDING

Die tragiese dood van die befaamde skilder, Walter Meyer van Upington, het my tot nadenke gestem. Die feit dat selfs sy bure nie daarvan bewus was dat hy ‘n internasionaal bekende skilder is nie en dat alle kunstenaars gewoonlik maar beskeie en nie noodwendig welgesteld is nie het my laat wonder hoeveel “Walter Meyers” daar nóg in die land is.

Korpse kan gerus die uitdaging oorweeg om te gaan snuffel in hul plaaslike omgewing om hierdie kunstenaars (oor die hele spektrum van kuns) op te spoor en meer oor hulle te wete te kom. ‘n Safariroete kan dan beplan word om by almal uit te kom en tyd met hulle te spandeer. Moontlik in die vorm van ‘n safari-ete deur by elkeen ‘n gereg op ‘n spyskaart te nuttig wat deur die korpslede en gades voorberei word.

Daar is talle potensiële en opwindende uitkomste wat hieruit kan voortspruit met wedersydse voordele vir die RRB en die kunstenaars.

Dink bietjie daaraan.....

VEREISTES VIR LIDMAATSKAP VAN DIE RRB

Die aanhaling uit die Grondwet van die RRB in Knapsak 21 het ons Vise-President, Barry Frey, verder aan die dink gesit en die volgende waarhede uit sy pen laat vloei:

Lede van die Rapportryerbeweging (RRB) word gereeld deur nie-lede en potensiële nuwe lede gekonfronteer met vrae oor lidmaatskapvereistes en met watter ander organisasies die RRB assosieer, of by geaffilieer is. Hierdie vrae word soms met groot agterdog gestel, en kan ook verband hou met die moeite wat korpse soms ondervind om nuwe lede, veral in stedelike gebiede, te werf.

Die ***RRB-Grondwet*** is baie duidelik oor die vereistes vir lidmaatskap. In klousule 6.1 word, benewens die vereistes ten opsigte van ledegeld, duidelik gestel dat lede en voornemende lede belydende Christene en Afrikaanssprekend moet wees. Verder moet hulle hulself met die doelstellings van die Beweging vereenselwig en die bepalings van die RRB-Grondwet onderskryf. Hulle mag ook nie lede wees van enige ander organisasie waarvan die grondwet strydig met dié van die RRB is nie.

Met verwysing na lidmaatskap van ander organisasies moet dit duidelik aan potensiële nuwe lede en kritici gestel word dat die RRB nié by enige ander organisasie, nasionaal en/of internasionaal (soos die Vrymesselaars) geaffilieer is nie. Die RRB handhaaf Christelike waardes en bevorder ook Afrikaans en die Afrikanerkultuur op alle lewensterreine. As ‘n beweging, met korpse in verskeie dorpe en stede landswyd, tree die RRB wel in *vennootskap* met ander kultuurorganisasies op wat dieselfde waardes en sentimente deel, soos die FAK, Die Dameskring, Die Vryburgers, Die Voortrekkers en die Erfenisstigting. Verskeie projekte word, wanneer doenlik, in samewerking met hierdie kultuurvennote beplan en uitgevoer.

Die **Strewe** van die Rapportryerbeweging kan ook aan potensiële nuwe lede voorgehou word. Dit lui as volg:

Die RRB streef daarna om

(a) die Afrikaanse taal, sedes en gewoontes, soos geopenbaar in sy Christelike geloof, geskiedenis en tradisies te ontwikkel, uit te leef, te handhaaf en te bevorder met die jeug en gesonde gesinsbande as vertrekpunt, en

(b) om patriotisme en 'n lojale samehorigheidsgevoel in eie geledere, en onder almal wat die Rapportryerbeweging se grondslag en doelstellings aanvaar, te bevorder.

LANDSBERAAD 2018

STRUWIG
EKO-RESERVAAT
Waar Afrika nog Wild is!

Die Landsberaad is hierdie keer die verantwoordelikheid van die korpse van Gauteng en Mpumalanga onder leiding van Rapportryerraadslid Christo Roets.

Basiese inligting oor Landsberaad 2018 is reeds in Knapsak 21 op 18 Oktober 2017 verstrek. Ek gaan nie alles herhaal nie, maar onderstreep die volgende:

(Kyk elders op die webblad onder ***Nuus*** vir ***Landsberaad*** en kry die aanhangsels!)

DATUM: 18 tot 20 Mei 2018

PLEK:

Struwig Eko-Reservaat, Hoedspruit. Die roetekaart en inligtingsbrosjure word hierby aangeheg.

TEMA:

Koester en handhaaf ons kosbare Afrikaner-erfenis met trots!

PROGRAM:

Die Landsberaad gaan op Saterdag, 19 Mei 2018, plaasvind en begin om 08:00 met die dinee die aand op dieselfde dag. Beraadgangers kan dus hulle sake reël om Vrydag aan te kom en die Vrydagaand-braai gesellig saam te geniet sodat almal reg ingestel kan wees vir die volgende dag se verrigtinge.

Wildritte sal ook Vrydag en Saterdag ingepas kan word.

Die Rapportryerraad vergader Vrydagmiddag.

VERBLYF:

Verblyf vir die naweek is gratis en ek vertrou dat almal wat graag die Landsberaad wil bywoon reeds met Natasha Kotze (struwigeco@iafrica.co.za (mailto:struwigeco@iafrica.co.za) - selnommer 071 907 7960) geskakel het om hulle verblyfreëlings te bevestig.

Dit is malaria-gebied – tref dus betyds voldoende voorsorg en bring smeer- en spuitgoed saam!

KOSTE:

Aangesien daar geen verblyfkoste vir die naweek is nie (2 nagte) en die RRB die Landsberaad subsideer met **R40 000**, is die enigste koste vir beraadgangers/korpse slegs die **R250** beraadfooi per afgevaardigde/waarnemer plus natuurlik reiskoste. Beraadgangers wat egter die besoek aan Struwig vir rek, moet self instaan vir die addisionele koste. As RRB-lede kwalifiseer hulle egter vir 25% korting.

Beraadgangers (uitgesluit Rapportryerraadslede) wat hulle eggenotes saambring moet ongelukkig ook instaan vir hulle etes, naamlik **R400**.

INSKRYWINGS:

Die inskrywingsvorm vir afgevaardigdes/waarnemers word hierby aangeheg. (Kyk onder ***Nuus*** vir ***Landsberaad*** en kry die aanhangsels)

- Let asseblief op die bepalings van die Grondwet in hierdie verband:

9.1 Die LANDSBERAAD

- Die Landsberaad is die hoogste besluitnemende gesag.
- Enige lid van die Beweging mag die Landsberaad bywoon as waarnemer.
- Lede van die Rapportryerraad het spreek- en stemreg. Elke lid het slegs een stem.
- Korpse vaardig twee lede af met volle stemreg per ledetal van tien lede of minder, met `n verdere afgevaardigde vir elke volgende tien opbetaalde lede.

Artikel 9.1.4. beteken dat korpse soos volg verteenwoordig kan word deur **opbetaalde** afgevaardigdes (dus ledegeld betaald tot en met 2018):

- 19 of minder **opbetaalde** lede - 2 afgevaardigdes
- 20 tot 29 **opbetaalde** lede - 3 afgevaardigdes
- 30 tot 39 **opbetaalde** lede - 4 afgevaardigdes
- 40 tot 49 **opbetaalde** lede - 5 afgevaardigdes
- 50 tot 59 **opbetaalde** lede - 6 afgevaardigdes

Daar is geen beperking op die aantal waarnemers nie en tradisioneel word geen stremmende beperkings op waarnemers geplaas nie.

- Dit is belangrik om aan te dui indien beraadgangers verkies om die Sondag-ontbyt te nuttig aangesien onnodige voorsiening vermorsing gaan veroorsaak. ‘n Kort diens sal ook Sondag-oggend voor ontbyt plaasvind ter afsluiting van die naweek.
- Inskrywingsvorms (hierby aangeheg) moet voor **15 April 2018** gestuur word aan Rapportryerraadslid **Christo Roets** (roetsb@telkomsa.net (mailto:roetsb@telkomsa.net)) sodat daar voldoende tyd kan wees vir die nodige logistieke voorbereidings. Sy telefoonnommer is **082 962 9506**. **Stuur asseblief ook ‘n afskrif aan my vir die opstel van die teenwoordigheidsregister** (rrb.admin@mweb.co.za (mailto:rrb.admin@mweb.co.za)).

Beraadgelde en dames-etegelde moet terselfdertyd ook inbetaal word op die volgende rekening:

Rapportryerbeweging, ABSA tjekrekening 284-032-0092. Bankkode 632-005. Meld asseblief naam van korps in die oorbetaling.

DRAG:

Geen formele dragkode word as vereiste gestel nie. Dit word aan die goeie oordeel van afgevaardigdes oorgelaat met in agneming van die waardigheid van die geleentheid en respek teenoor dames en gaste. Dit geld te meer vir die Bosveld-dinee wat ‘n prestige-geleentheid is.

MOSIES, BESKRYWINGSPUNTE EN GRONDWETWYSIGINGS:

Nog geen mosies/beskrywingspunte vir oorweging deur die Landsberaad is ontvang nie. Wel sekere praktiese voorgestelde grondwetwysigings deur die Rapportryerraad. Dit is belangrik dat korpse/lede betyds van sodanige voorstelle in kennis gestel word sodat afgevaardigdes behoorlik bemagtig kan word om oorwoë besluite daaroor te neem.

Die keerdatum vir indiening is **28 Februarie 2018**. Dit behoort voldoende tyd te laat vir die Dagbestuur om daaroor te besin en dit in die Knapsak van Maart 2018 bekend te stel.

Geen mosies, beskrywingspunte en voorgestelde grondwetwysigings wat ná hierdie sperdatum ontvang word sal ongelukkig in aanmerking kan kom vir oorweging nie. Voorstellers moet eweneens persoonlik by die Landsberaad teenwoordig wees om hul voorleggings te lewer en te motiveer.

EKSTERNE TOEKENNINGS:

Die Rapportryerraad het besluit om ‘n spesiale toekenning te maak aan Me Cecilia Kruger, Hoof Uitvoerende Beampte van die Voortrekkermonument. Sy sal dus ons eregas wees.

INTERNE TOEKENNINGS:

Die Vise-President, Barry Frey, het reeds by herhaling versoek dat korpsverslae in die voorgeskrewe elektroniese formaat wat strek oor aktiwiteite van die afgelope twee jaar, ingestuur word vir beoordeling en besluitneming oor die onderskeie provinsiale en nasionale toekennings.

Verslae moet ten laatste **15 April 2018** in Barry se besit wees (bjfrey@vodamail.co.za (mailto:bjfrey@vodamail.co.za) **selnr 083 462 1963**). Stuur dit asseblief ook aan die betrokke Provinsiale Voorsitter vir kennisname en aangesien hulle verantwoordelik is om die Vise-President by te staan met die insameling van hierdie verslae.

Hierdie eenvormige stelsel van verslagdoening lewer ‘n volledige prentjie van elke korps se aktiwiteite en prestasies en stel die beoordelaar in staat om onbevooroordeelde beslissings te maak met die feite voor oë. **Daarsonder sal geen korps dus in aanmerking kan kom vir enige toekennings nie.**

Ontvangers van trofees tydens die vorige Landsberaad is verantwoordelik om die trofees by die Landsberaad te besorg.

Kom geniet die Bosveld langs die Olifantsrivier saam met ons!

Rapportryergroete!

Danie Eichstädt Sekretaris

Last modified on Monday, 12 February 2018 19:57